# HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL

Posbus 141, Swellendam, 6740
Tel: 028 – 514 1361
Faks: 028 – 514 1329
E-pos: swellies@telkomsa.net

P.O. Box 141, Swellendam, 6740
Tel: 028 – 514 1361
Fax: 028 – 514 1329
E-mail: swellies@telkomsa.net


## SKOOLGELDE / KOSHUISGELDE – 2024

Gedurende die begrotingsvergadering wat gehou is op 30 Oktober 2023, is die begroting van 2024 deur die ouers teenwoordig aanvaar en goedgekeur. Die skoolfonds vir 2024 is vasgestel op R20 900.00 per jaar en losiesgelde vir Excelsior Koshuis op R24 750.00 (Koshuisgelde STRENG VOORUITBETAALBAAR)
Ons herinner alle ouers daaraan dat skoolfonds jaarliks vooruitbetaalbaar is, en dat die volle skoolgeld onmiddellik opeisbaar is en betaalbaar word indien enige paaiement nie teen 7 Februarie 2024 betaal is nie.
Ons verstaan dat dit vir ouers dikwels moeilik is om gedurende Januarie die volle jaar se skoolfonds te betaal, dus gee ons ouers die volgende betalingsopsies:

| | Maandelikse Betaling | Jaarlikse Fooi |
|---|---|---|
| GRAAD 8 - 11 | R1900.00 oor 11 maande | R20 900.00 |
| GRAAD 12 | R2150.00 oor 10 maande | R21 500.00 |
| | | |
| Afslag opsies: | R900 afslag indien u die volle jaar se skoolfonds voor 31 Januarie 2024 vereffen | R50 per maand indien u by die finansiële kantoor 'n debiet order instel. |

**GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS:**
Aansoekvorms vir gedeeltelike of volle vrystelling van skoolfonds is beskikbaar vanaf 1 - 20 November 2023 by die Finansiële Sekretaresse by die skool. Vorms sal SLEGS aan die leerders se ouers of wettige voog uitgereik word en u moet dus self die vorms kom haal en daarvoor teken.
***DAAR MOET ELKE JAAR VIR VRYSTELLING VAN SKOOLFOOIE AANSOEK GEDOEN WORD.***
Die vorms moet op die laatste 30 November 2023 by die Finansiële Kantoor ingehandig word. Aangesien geen onvolledige vorms aanvaar sal word nie, stel ons voor u kom so gou as moontlik om die vorms te kom afhaal om vir u genoegsame tyd te gee om dit te voltooi.

**Nicholas Pelser**
**SKOOLHOOF**
**31.10.2023**